Werkloosheid in SA skrikwekkend hoog

Geskryf deur Marinda Toerien
http://dievoorblad.co.za/index.php/afr/joomla-pages-iii/category-list/67-hoofberigte/1281-werkloosheid-in-sa-skrikwekkend-hoog

Suid-Afrika het die derde hoogste werkloosheidsyfer in die wêreld, sê die Wêreld ekonomiese forum in hul jaarverslag. Die verslag meen meer as 50 persent van Suid-Afrikaners tussen die ouderdom van 15 en 24 is werkloos. Net Griekeland en Spanje se syfers is hoër. Ander lande wat ook in die top vyf werkloosheidsyfer val, is Portugal en Italië. Hulle werkloosheid is net meer as 30 persent.

Die verslag noem die 73 miljoen werklose jongmense , die verlore generasie en met die hoë onderrig koste, is die kanse skraal dat hulle werk gaan kry, berig Fin24. Baie van hierdie jongmense verloor vertroue in die politiek en hul leiers. Die situasie vererger omdat werkgewers nie altyd werkskeppings programme of in diens-opleiding aanbied nie.